**Skriflesing:** Mattheus 28:1-10
Teks: **Mattheus 28:2**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 77:1, 6**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 86;6; Ps. 131:2; Ps. 68:9; Ps. 42:7**
**Mattheus 28:1-10**

Mat 28:1 Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.
Mat 28:2 Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.
Mat 28:3 Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.
Mat 28:4 Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.
Mat 28:5 Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.
Mat 28:6 Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.
Mat 28:7 Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê."
Mat 28:8 Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.
Mat 28:9 Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.
Mat 28:10 Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."

**Skriflesing:** Mattheus 28:1-10
Teks: **Mattheus 28:2**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 77:1, 6**
**TYDENS EREDIENS - Ps. 86;6; Ps. 131:2; Ps. 68:9; Ps. 42:7**

Toe ons vanoggend wakker geword het, broeder en suster, kon dit ons eerste gedagte gewees het, dat Christus het uit die dood opgestaan. Die graf is leeg, Hy lewe! Dit is eintlik waaroor elke Sondag handel, elke keer kan ons weer die blye boodskap verkondig van die lewende Christus. Wanneer ons spesifiek vandag oor die opstanding van Christus handel, na wat ons Vrydag by sy lyding, sy vernedering, sy kruis, sy dood gehoor het. Goeie Vrydag was ons by sy verskriklike lyding waar Hy vir 40 dae in die woestyn was en op die einde die verskriklike versoekinge wat daar in die woestyn was. Ja, by Goeie Vrydag word ons elke keer herinner dat Jesus is gekruisig, Hy is gedood, Hy is in sy sy met ’n spies gesteek, waarlik daar het water en bloed uitgekom. ’n Duidelike teken dat Hy waarlik gesterf het.

***

Dit wat uit sy sy gekom het, is natuurlik ook in lyn met wat ons sakramenteel in die doop en Nagmaal afteken. Dit wat uit Jesus gekom het, uit sy sy, daar het ons water as teken by die doop, maar uit dieselfde sy kom daar ook bloed uit, wat die wyn by die Nagmaal spesifiek op niks anders wil dui as die bloed van Christus nie. Vrydag is Jesus dood van die kruis gehaal, Hy word in ’n nuwe graf gelê. Josef van Arimathea het hierdie graf afgestaan dat Jesus daarin begrawe kon word. Nog ’n verdere bewys dat Hy werklik gesterf het, Hy word begrawe....

Vir 2 nagte sou daardie graf reeds gebruik gewees het, net Jesus se lewelose liggaam het daarin gelê, maar nou word ons na Sondagmôre heen gelei, wat daardie Sondag daar gebeur het, het ons net die kern feite. Geen detail in presies wat, wanneer en hoe dit gebeur het nie. Of Jesus se lewelose liggaam begin lewe het toe die engele die steen weggerol het en of die skudding van die aarde die lewelose liggaam wakker geskud het, dit weet ons nie. Ons kan moontlik aanvaar dat met die skudding van die aarde het Jesus se liggaam tekens van lewe begin toon, ja want aanvaar ons ook dat tegelyk met die aardbewing het die engele neergedaal om die steen voor die graf weg te rol. Moontlik het die skudding in alle geval die steen reeds losgeskud, maar die graf het nie toegeval nie... Dit bly ’n netjiese graf met opgevoude doeke daarbinne.

***

Ja, ons kan die vrae baie maak, baie wat ons maar net oor kan wonder presies hoe het dit gebeur het. Wie het die grafdoeke van sy hande en voete losgeknoop, wie het daardie sweetdoek van Hom afgehaal, netjies opgerol, dit eenkant in die graf neergesit. Daar kan ook ’n engel by gewees het, want lees ons in Johannes dat daar selfs meer as een engel daardie oggend die getuienisse van lewe netjies uitgestal het, ’n weg gerolde klip, opgevoude doeke, ’n leë graf, alles dui op presiesheid en orde en netheid. Dis hoe God is, die God van orde. Ons moet vir mekaar sê oor baie dinge hang daar nog ’n gordyn wat ons beslis nie al die antwoorde het nie. Die oomblik van lewe, die opneem van lewe, die verder gaan in die lewe is daar maar eintlik net sulke flitse wat ons heenvoer.

***

In die lig van die opstanding flitse, het ons die wonderlike voorreg om beslis met genoegsame oortuiging na groot dinge rondom die opstanding te kyk. Dit gaan nie net oor mense se reaksie nie, al lees ons van heelwat mense rondom die opstanding. Maria Magdalena wat die môre vroeg al daar was, toe was die steen reeds weggerol. In haar verwarring besef sy nie dat die Man wat sy as tuinier aansien, is eintlik haar opgestane Here nie. In de ander evangelies lees ons van die ander vroue wat ook daar gekom het om sy liggaam te balsem, maar ook hulle vind nie Jesus se liggaam nie. Hier kan ons dink aan hoe Markus dit verhaal. Dat Maria die moeder van Jakobus en nog ’n vrou Salomé en dan natuurlik ook weer die ander Maria Magdalena daar was. Al wat hulle gevind het, was die weg gerolde steen. Hulle word die hardlopende vroue om so vinnig moontlik die boodskap van die leë graf by van die apostels uit te kry...

***

Wanneer ons vanoggend wel die gebeure rondom die opstanding uit Mattheus lees, dan is hierdie evangelie die mees breedvoerige geskryf. Hier gebeur dinge bietjie uit 'n ander hoek. Dit betrek meer as mense by die opstanding, alhoewel dit natuurlik alles met die mens te make het. Mattheus betrek die aarde, die hemele en mense daarmee saam, vóór die graf nog ter sprake kom.

***

Daar mag dalk gewonder word, wie het hierdie dinge so noukeurig aan Mattheus vertel. Is dit dalk een van die Romeinse wagte, hulle wat opdrag ontvang het om die graf nie net deeglik te verseël en te bewaak nie, maar moes alle omstandighede en beveiliging rondom die graf hulle verantwoordelikheid gemaak het. Daar word gesê dat een van die wagte ná hierdie Sondagmôre tot bekering gekom het, ja hoe 'n getroue getuie sou hy nie kon wees as die evangelis hierdie dinge rondom die opstanding uit sy getuienis gehaal het nie. Mattheus is die enigste evangelis wat oor hierdie wagte geskryf het wat ons aanvaar hy tog toegang tot hulle kon kry.

Uit Mattheus kom die gebeure rondom die opstanding tot groot bewondering en bepeinsing. Ons sien drie dinge gebeur, wat ons na die aarde laat kyk, na die hemele laat kyk, vóór ons na die graf kan kyk.

***Ons eerste gedagte dan- wat het met die aarde gebeur?***

Daar was 'n groot aardbewing. Die aarde word op baie plekke in God se Woord as iets van 'n vastigheid en stewigheid voorgestel, dit wat God geskep het, het Hy stewig die ruimtes ingeplaas. Al kom en gaan die geslagte, die aarde bly staan. Daar is baie wat op die aarde aangaan, tog is daar sekere dinge wat nie moet verander nie. Die aarde moet sy wentelbaan rondom die son behou, die aarde moet nie eers 'n graad na regs of links begin afwyk nie, dan kan dit vir alle aardse lewe katastrofies wees. Die son wat ook maar sy posisie moet behou, anders is daar moeilikheid.

Vir hoeveel duisende en miljoene, sommige sal selfs in duisende miljoene jare van getalle hulle berekeninge voorhou dat dit is hoe die aarde moet en moes wees. Vastigheid, stewigheid, dit gee die mensdom sy fondamente, al gee dit die mens nie die ware geloof nie. Mense wil fondamente hê, al is hy/sy die grootste ateïs wat die aard grond bewandel. Groot veranderinge op die aardkors, in die osoon of waarmee wetenskaplike hulle navorsing en berekeninge vul sal eenstemmig wees, groot verandering hierin lui groot moeilikhede in. Luister maar net na die bohaai en die gestry rondom die sg klimaatsverandering wat met

verhitting van die pole van die aardbol in verband gebring word. Dit is wonderlik om te besef hoe dit lyk daar ’n ewige onbeweeglike is wat die aarde vashou. Al beweeg dit hoe vinnig, dit bly vas en stewig.

***

Op hierdie dag van die opstanding, mag ons die vas en stewige aarde nie in sy stoffasie mislees nie, want die heel eerste waarmee Mattheus die opstanding inlei is nie wat met mense gebeur het nie, maar wat met die aarde gebeur het. Ons teksverse begin met – *Skielik was daar 'n geweldige aardbewing...* Hoe belangrik die mens ook homself/haarself mag beskou, hulle woel en werskaf op hierdie aarde, dit is maar ’n gedurige afspeel van Psalm 2, want *die nasies woel en die volke* dink, hulle dink baie dinge, die Psalm stel dit egter dat die volke *bedink nietige dinge... Die konings van die aarde staan gereed en die vorste hou saam raad teen die Here en sy Gesalfde...* Alles die mens, maar tog die mens vind sy graf nie op ’n ander plek nie as die aarde... in ’n sekere sin is die aarde die mens se graf. Hoe baie se liggame het nie al weer die stof van die aarde geword nie, al is dit die mens wat dink hy is god...

Die rus vir die mens word al minder en hoe rusteloser die mens word hoe meer stem sy lewe met die see ooreen wat net nooit behoorlik tot rus kan kom nie. Geen wonder dat in die Bybel word volkere en nasies se gewoel en planne dikwels gesien in die simbool van hulle is die see. Dit spoel gedurig uit en tog wat het ons nou daarvan... Dit trek maar weer in om dan uit te spoel.

***

Nou besef ons waar die grafte is, daar roer die geraamtes nie, daar skuiwe die bene nie rond nie, daarin is daar nie donderweer en weerlig nie, wie bene in ’n graf wil roer moet eers die aarde beweeg. Om ’n graf in beroering te bring verg beweging van die aarde, ja om ’n graf te oorweldig moet in ’n sekere sin die onbeweeglike aarde oorwin word.

Nou kom ons nader aan hierdie Sondagoggend waar daar ’n aardbewing gekom het. ’n Aardbewing beweeg wat mense nie kan beweeg nie, dit skud selfs grafte en sal bene in ’n graf ook so geskud word. Al manier hoe dit kan gebeur is deur ’n aardbewing. Ons is al vir eeue getuies van wat aardbewings kan doen, dit kan berge losskud, rotse losruk, ja om te wil praat van die fondamente wat vas moet wees, as daar ’n aardbewing hierdie fondamente begin skud is die eerste vraag nie hoe sterk nie, die eerste wat die mens begin vra, dit moet tog net ophou want dit is te sterk... Daarna sal ons weer oor die sterke begin praat, want

mense wil so graag sterktes meet. Dink maar die verskriklike aardbewing wat onlangs in Turkye gebeur het.

Daardie Sondagmôre was die aardbewing eintlik reeds ’n stem in die ingewande van die aarde wat wou hê dat Hy wat daarin begrawe is, moet kan uitkom. Die aarde mag Jesus nie wil vashou nie. Eendag met die laaste dag op aarde dan sal dit weer so wees, die aarde sal geskud word want daar is baie grafte wat moet oop. Ons besef egter die teken by Jesus se leë graf staan nou verbind nie met wat met die aarde gebeur het nie. Ons tweede gedagte is juis:

***<u>Dit wat met die opstanding in die hemel gebeur het:</u>***

Mense kan hulleself oor die aarde baie slim hou. Hoe die aarde ontstaan het, al die formasies en koepels en heuwels en berge word groot geleerdheid voorgehou. Watter diere gefossileer het, hoe daar eers see was, waar die Karoo nou is, woestynvlaktes met soutwater en branders bedek was en dit mag alles só wees. Daar word berekeninge gemaak hoe warm die aardkors eers moes gewees het en hoe lank dit geneem het om af te koel. Dit is vanuit hierdie hitte hoe steenkool onder die aarde beland het en baie delfstowwe onder die grond gekom het. Oor die ingewande van die aarde word daar baie bespiegel. Partykeer klink mense so slim dis asof hulle vir ons sê ons was al daar in die onderste dele van die aarde.

***

Wat ons egter met die Sondag van die opstanding aangryp dat hierdie aardbewing het nie in die aarde begin nie, maar het in die hemel begin. Uit die hemel word die aarde regeer. Ons teksverse is duidelik oor die oorsprong van die aardbewing. Die engel wat uit die hemel neergedaal het se afkom word direk aan die aardbewing verbind. Die feit dat die aarde beweeg het, is omdat die hemele ook beweeg. Daar is in Christus ’n direkte verband tussen wat die hemel is en wat die aarde insluit. Ja, dikwels maak ons die fout om te dink die afstand tussen hemel en aarde is onbereikbaar groot. As die engele die aarde bereik dan skud die aarde, want die hemele het reeds die boodskap deurgegee. Oor wat op die aarde gebeur het, Jesus leef, daaroor was daar natuurlik groot hemelse blydskap, maar op die aarde neem dit tyd en sal dit nog meer tyd in beslag neem om hierdie vreugde van die opstanding werklik te laat deurdring.

Nou wat ons gesien het wat op die aarde gebeur het, ook direk verbind aan die hemelse is die beste nou om in die laaste plek te kyk na ...

***Wat by die graf en met die graf gebeur het:***

Jesus se dood en Jesus se graf is ’n betaling vir ons sondes.  Wanneer die gelowige in Christus sterwe is sy dood geen betaling van die sonde nie, maar is ’n afsterwe van die sonde en ’n deurgang na die ewige lewe. So mooi stel ons Kategismus dit ook ...  In Jesus se graf het die dood wou oorwin, die stryd dat Hy nie mag lewe nie was van meet af aan Satan se doelwit om die koms van Hom wat alle mag besit in alles terug te hou.  Satan het met die versoekinge dit al wou bewys, dit waarby ons Vrydag was.

Die gelowige het dit ook anders as wat by Jesus se graf die geval was.  Al is die dood en die graf beslis ons nie goedgesind nie; in ’n sekere sin is dit steeds ons vyand, maar  kan ons beslis seker wees ons hoef geen stryd daarteen te voer nie.  Jesus het hierdie stryd moes stry, toe Hy die dood oorwin toe het Hy eintlik die hel lankal reeds oorwin.

***

Jesus se graf was ’n nuwe graf, ja Josef van die dorpie Arimathea, hy wat=s ook lid van die Sanhedrin, die Joodse Raad .  Hy sit in die raad van Kajafas en Annas, daar het hy klaarblyklik die Vrydagnag en vroeg-oggend nie ’n woord gerep nie, maar toe Jesus sterwe en alles eintlik reeds verby was, toe was dit asof hy die liefde en respek wat hy wel teenoor Jesus gehad het, maar dit heeltyd nog teruggehou het, nou kan hy nie meer nie.

Hierdie laaste gebeure waar hy ook deel van die Raad was, het hy nie mee saamgestem nie, maar tog het hy nie openlik beswaar gemaak en Jesus verdedig nie.  Ja, dit is maar tipies mens.  Ons vrees vir ander mense kan dikwels maak dat ons eerder maar net stilbly terwyl dit eintlik dan so lewensnoodsaaklik is dat daar nie stilgebly moet word nie.  Hy was in die posisie van sou hulle hom dislojaal teen die leiers van sy Raad bevind, kon dit hom alles ontneem.  Hy het maar heeltyd stilgebly, vêr op die agtergrond sy eie stryd gestry en tog in stilte al hoe meer respek en bewondering vir hierdie Jesus gekry, maar dit net nêrens uitgeleef en gesê nie.  Ons noem hom ’n nagdissipel...

***

Nou wat Jesus dood is, nou is sy graf, al wat hy voel hy wel kan bied.  Daar gaan hy na Pilatus en vra dat die liggaam aan hom gegee moet word.  Hy wil dit behoorlik versorg en behoorlik begrawe.  Daarvoor het hy natuurlik ook die hulp gehad van sy kollega en geleerde rabbi Nikodemus. Nikodemus wat ook maar ’n nagdissipel was.  Hoe het hy Jesus in die nag besoek, in die nag oor sy leer uitgevra en het heeltyd ook respek teenoor Jesus gehad maar dit nooit erken nie, sy eerbied was in sy hart verborge.

Nikodemus ja Josef van Arimathea, die Here se nagdissipels, kan ons hulle seker noem. Hierdie nagdissipels het daardie laat Vrydag van die kruis nie dit langer kon wegsteek dat hy hulle eintlik in die gekruisigde Messias geglo het nie. Hulle het gegaan en Hom eervol begrawe. Alles rondom die graf en in die graf het die manne daardie Vrydag-laatmiddag dalk tot met die nag reggemaak. Daar word vertel dat om so ’n gestorwe liggaam reg te behandel dat dit nie te gou moet ontbind nie is 50 liter se mirre en aalwyn nodig om alles reg te kry. Die doeke word daarmee deurdrenk en so word die liggaam gebalsem. Ja, dit wat die vroue die Sondag-oggend wou kom doen, dit wil lyk hierdie twee nagdissipels Josef en Nikodemus het dit wel al daardie Vrydag-aand, dalk ook toe dit al donker was gedoen. Steeds in die sin die Here se nagdissipels.

***

Daardie Sondagoggend is wat die nagdissipel mee kon worstel tot ’n diepere wending gebring. Dinge wat mense oor worstel, dit waarmee hulle net hulle eie twyfel mee kan voed, dit wat maak dat hulle nie so maklik glo, soos wat dit lyk ander mense dit regkry om makliker te glo nie. Ander bid net makliker, want hulle gedagtes van twyfel bekruip hulle nie so gou nie. Altans so wil dit lyk, as ons as nagdissipels na die dagdissipels in die koninkryk kyk. Daar is baie dinge wat maak dat onder ons ook nagdissipels kan wees, daar word oor baie geworstel en ek kry dit eenvoudig nie uit my sisteem nie.

***

Die oop graf en wat by die oop graf gebeur het, is natuurlik alles deel van ’n klip wat weggerol moes word. Die vroue het daardie oggend nog in die stad al die worsteling gehad- hulle wil by Josef en Nikodemus se 50 liter salwing ook nog weer hulle eie salwing saambring. Hulle dra egter nie so swaar aan die salwing- middele nie, hulle dra swaarder aan die vraag- *Wie sal vir ons die steen van die graf wegrol...* Dis ’n heel menslike vraag, wat ons by hierdie dag van die opstanding besef eintlik van ons ’n goddelike daad, ’n goddelike antwoord verg. Hierdie vroue het nie geweet van die aardbewing nie, hulle het nie geweet dat die hemele reeds die klippe gelig het nie, sekerlik het hulle ook nie geweet dat die liggaam reeds gesalf was nie, klomp dinge wat die mens nie weet nie.

***

Hulle het eintlik ’n vraag wat ons na ons kant toe kan trek. Ook weer in die tye wat ek as nagdissipel mag worstel en ek weet nie hoe gaan ek hierdie klip in my lewe; hierdie klip in my hart, weggerol kry nie. Ons kan met baie van ons eie probleme so erg vasval, dit is soos ’n klip wat ek eenvoudig nie weet hoe gaan ek dit weggerol kry nie.

Hierdie Sondag van die opstanding kan u ’n engel op daardie klip sien sit. Hy kan daar sit asof die klip aan hom behoort want dit is klaar weggerol. God het hierdie grootse klip weggeneem. Om in ’n opgestane Here te glo is om te glo God kan ook die grootste van my probleme wegneem. God alleen wat dit kan doen. Op ’n onverwagte en ontfermende manier is God aan die werk. Die steen is reeds weggerol.

***

Hierdie gebeure met die graf en by die graf, u wat dalk ook ’n swakke vrou by die graf mag voel, u wat dalk voel ek is ook maar deel van diegene wat nagdissipels is, my geloof werk swaar, ek steek dit maar soos Josef, soos Nikodemus diep weg.... dis gepas om by die leë graf, ja voor die opgestane Here te mag kom en in Hom te vra, maak my tog ook ’n dissipel van die dag. Ek wil nie langer ’n nagdissipel wees nie. Mag ek in stille berusting God se wil in my lewe raaksien en al meer my geloof ongekompliseerd net uitleef. Om ongeveins te mag glo dat hierdie enkele graf het al die magte van die dood daar saamgetrek. Daar is die dood oorwin, die sonde weggeneem. Hy wat hierdie graf en hierdie dood oorwin het, Hy het dit ook vir my gedoen. Hy het die swaarste en grootste steen wat daar nog in ons pad kon wees, die sonde en die dood oor my sonde het Hy reeds uit die pad weggerol.

***

Wie in die lewende Here glo mag kinderlik op Hom bly vertrou, mag waarlik in sy wil berus al is dit swaar dinge waaroor ek rustig moet raak. Die leë graf sê aan ons dis wel moontlik. Die aarde het geskud want die hemele het dit laat bewe en om alles te kroon, sien daardie engel wat op die klip daar gesit het, sulke engele is boodskappers van God wat uittroon bo die grootste probleem wat ek as probleem mag beskou. Die klip is eintlik reeds weggerol terwyl ek nog nie eers daaraan geraak het nie.

AMEN